

SEEKREG. DUTY	R.....
FEE	Exempt bat(1)

Opgestel deur my


Transportbesorger
FOURIE, J M

DIE IDENTITEITSNOMMER VAN DIE	THE IDENTITY NUMBER OF THE
T Bester	
IS VERANDER NA	HAS BEEN CHANGED TO
460420	0117 088
2000-03-09	REGISTRATEUR/REGISTRAR



*OP FURTHER ENDORSEMENTS SEE VIR VERDERE ENDORSEMENTE SIE	6
--	---

T 54313196

TRANSPORTAKTE

SWEMMER & LEVIN
Prokureurs, Notarisse & Transportbesorgers
VREDENBURG, SALDANHA, LANGEBAAN &
VELDDRIF/LAAIPLEK

E136

HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK :

DAT ANDREW DAVID UNQUHART BRECHIN

voor my, Registrateur van Aktes te Kaapstad, verskyn het, behoorlik daartoe gemagtig
deur 'n Prokurasie aan hom verleen te VREDENBURG

op die 14 dag van MAART 1996 deur

WESKUS SKIEREILAND OORGANGSRAAD

Swemmer & Levin

7

BC 0728563/08		VERBIND		MORTGAGED	
GEKANCELLEER CANCELLED		VIR FOR R 2 00 000 00			
REGISTRATEUR/REGISTRAR		B 11909		2000	
01 OCT 2008		2000-13-09		REGISTRATEUR/REGISTRAR	

VERBIND		MORTGAGED		BC 0728564/08	
VIR FOR R 300 000 00		GEKANCELLEER CANCELLED			
B 73393/2004		REGISTRATEUR/REGISTRAR			
14 SEP 2004		REGISTRATEUR/REGISTRAR		01 OCT 2008	

VERBIND		MORTGAGED	
VIR FOR R 2 200 000 00			
B 059670/08		REGISTRATEUR/REGISTRAR	
01 OCT 2008		REGISTRATEUR/REGISTRAR	

EN die Komparant het verklaar dat voormelde Oorgangsraad op 7 Januarie 1995 waarlik en wettig verkoop het en dat hy, die Komparant in sy voormelde hoedanigheid, hiermee in volle en vrye eiendom sedeer en transporteer aan en ten gunste van :

IRIS BESTER

(Identiteitsnommer 460420 0117 00 5)

getroud buite gemeenskap van goed

haar erigename, eksekuteurs, administrateurs of regsverkrygendes

ERF 2546 St Helenabaai, geleë in die gebied van die Weskus Skiereiland Oorgangsraad, Administratiewe Distrik Malmesbury, Wes-Kaap Provinsie;

GROOT: 234 (TWEEHONDERD VIER EN DERTIG) vierkante meter;

SOOS AANGEDUI op Algemene Plan Nr. 8360/1995 en gehou kragtens Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel Nr. T21815/1996

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Transportakte nr T13645/1967.

B. ONDERHEWIG VERDER aan die terme van twee serwituut verwysings gedateer 1 September 1922 en 5 November 1921 geëndosseer op Transportakte nr T7428/1908, wat as volg lees:-

1. "By Deed of Transfer No 7459 dated 1 September 1922 the right to seek for water by boring or otherwise on any part of the properties thereby conveyed and certain rights of way over the said properties have been reserved to and in favour of the properties held under paragraphs 28, 29 and 30 hereof and the remainders of those held under paragraphs 25 and 26 hereof, subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Transfer.

2. By Deed of Transfer No 10268 dated 29th October 1921 the right to seek for water by boring or otherwise on any part of the properties thereby conveyed and certain rights of way over the said properties have been reserved to and in favour of the properties held under paragraphs 28, 29 and 30 hereof and the remainders of those held under paragraphs 25 and 26 subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Transfer."

C. GEREKTIG op die servituut endossement gedateer 29 Mei 1956 op Transportakte nr T18390/1951, wat as volg lees:

"Paragraph 102 (Remdr): Servitude Pipeline and Powerline:

By Deed of Trf. No. 7394 d.d 29-5-1956 with annexed diagram No. 8969/1955, Ptn. 5 of Steenberg's Cove Meas. 1,5555 Hectares thereby conveyed is:

(B) ENTITLED to a servitude of water-pipeline and electric powerline over the Remdr. of the said Steenberg's Cove, in extent 242,2542 Hectares held under para. 102 herein within and along a 3,15 metre wide servitude area (the South-West side whereof is marked F-J on the aforesaid diagram) with rights of access.

As will more fully appear on reference to aforesaid Deed of Transfer No T7394/1956."

D. ONDERHEWIG VERDER aan die voorbehoud van alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie op of onder die grond, soos omskryf in die Wet op Mynregte (Wet Nr 20 van 1967) vir die Staat en vervat in Grondbrief nr T66652/1988.

E. ONDERHEWIG VERDER aan die volgende voorwaardes opgelê deur die Weskus Skiereiland Oorgangsraad ten tye van die verkoping van bovermelde eiendom, naamlik:

1. Die Transportnemer of sy regsopvolgers moet voor of 1 Januarie 1998 'n woonhuis op die eiendom oprig of laat oprig waarvan die waarde gebaseer op die koste van oprigting deur die Weskus Skiereiland Oorgangsraad aangeslaan, nie minder as R100 000.00 (EENHONDERD DUISEND RAND) moet wees nie en waarvan die bouwerk met betrekking tot die bogemelde eiendom voldoen aan die argitektoniese riglyne soos

neergelê deur die gemelde Oorgangsraad.

2. Indien sodanige woonhuis nie soos voornoem opgerig word nie, moet gelikwideerde skadevergoeding gelyk aan die jaarlikse munisipale belasting wat hefbaar sou gewees het op die basis van 'n skatting gelyk aan die waarde soos hierbo bepaal, bo en behalwe die belasting wat op die skatting van die grond gehef kan word, aan die gemelde Oorgangsraad betaal word tot sodanige woonhuis tot genoeë van die gemelde Oorgangsraad voltooi is.
3. Totdat die Eiendom aldus verbeter is en aan die argitektoniese riglyne voldoen is, kan die gemelde Oorgangsraad weier om enige sertifikaat uit te reik wat nodig mag wees om oordrag van die Eiendom te registreer, tensy die voorgenome oordragnemer eers 'n skriftelike ooreenkoms (deur die gemelde Oorgangsraad opgestel en bevattende sodanige voorwaardes as wat die gemelde Oorgangsraad in sy uitsluitlike diskresie mag verlang) met die gemelde Oorgangsraad sluit.
4. Buitegeboue mag alleenlik opgerig word nadat 'n bona fide aanvang met die bou van die hoofgebou gemaak is en die hoofgebou moet laatstens twee maande na voltooiing van die buitegebou voltooi word.
5. Geen konsolidasie van erwe sal toegelaat word nie.

WESHALWE die Komparant afstand doen van al die reg en titel wat die genoemde

OORGANGSRAAD

voorheen in die genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat die genoemde

OORGANGSRAAD

geheel en al uit die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is nie en dat kragtens hierdie akte, die genoemde

TRANSPORTNEEMSTER,

haar erfgename, eksekuteurs, administrateurs of regsverkrygendes, tans daarop geregtig is ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat, en verklaar dat die volle koopprys van R58 000.00 (AGT EN VYFTIGDUISEND RAND) behoorlik betaal of verseker is.

TEN BEWYSE waarvan ek die genoemde Registrateur, saam met die Komparant, hierdie Akte onderteken en met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN en geteken in die kantoor van die Registrateur van Aktes te KAAPSTAD op 18 JULIE 1996.



q.q.

In my teenwoordigheid



REGISTRATEUR VAN AKTES